RIGLYNE MET BETREKKING TOT PROSPEKTERING

1. Die beginsel van eiendomsreg moet in oorweging geneem word.

2. Die implikasies en praktiese reëlings rondom Artikel 5(3) moet uitgeklaar word.

3. Artikel 5(4) dui verskeie voorwaardes aan waaraan voldoen moet word, voordat met enige aksies begin word.

4. Maak seker dat artikel 6 nagekom word en dat alle aksies met regverdige administratiewe handelinge gedoen word.

5. Artikel 15(1). Skriftelik moet onderneem word dat die grond slegs vir die bepaalde doel betree gaan word. Ondernemings ivm wilddiefstal, veiligheid en ander sake moet skriftelik vooraf uitgeklaar word.

6. Watervoorsiening moet vooraf uitgeklaar word.

7. Vra ‘n afskrif van die omgewings inpak studie. Hou ook artikel 37-39 in gedagte. Artikel 41-44 moet vooraf uitgeklaar word.

8. Vra afskrifte van die nodige dokumentasie volgens die wet.

9. Artikel 23 moet in ag geneem word. Die regte beteken nie dat amateurs op die grond losgelaat kan word nie.

10. Plaas besoek protokol geld te alle tye.

11. Eienaar moet oplet na fisiese verliese (drade, ens.) wat hy kan ly, sowel as ‘n vooruitskatting van inkomste verliese (met ‘n finansiële kundige) tot en met aftrede, en dit dan insluit by vergoedings pakket.